10 AUGUSTUS 2025

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | KONINKRYK & ROEPING: WEEK 1 | JES. 43:1




Voordat jy geroep is tot ’n beroep, ’n bediening, ’n verhouding of ‘n droom — is jy geroep tot God.
Nie tot ’n rol nie.
Nie tot ’n godsdiens nie.
Nie eers tot sukses nie.
Maar tot ’n Persoon — die lewende God wat jou op jou naam roep.

# NUWE REEKS OOR KONINKRYK & ROEPING

Ons begin hierdie Sondag met 'n nuwe reeks wat aansluit by ons vorige reeks oor die Koninkryk van God, maar waar ons ook kyk na ons elkeen se roeping. Kom reis saam en ontdek dat jy self op jou naam geroep is deur die lewende God om 'n lewe van betekenis te leef in hierdie wêreld. Ons ontdek saam hoe ons ook besig om die Koninkryk te laat kom in ons allerdaagse lewe.






# BOEKBESPREKING

Ons gaan na die MARKietie met ons volgende boekbespreking begin: *The Cycle of Grace* deur Jerry Haas & Trevor Hudson. Dit sal weer Dinsdae wees. Ons begin **9 September**.
**Dinsdagoggende om 10:30**
**Dinsdagaande om 18:30**
in die **konsistorie**.
***Laat weet asb vir Peet as jy wil bywoon.***

# INTERSKOLE SEISOEN

Dis weer daardie tyd van die jaar waar leerlinge en ouers betrokke is by die verskeie Interskole in die Paarl. Ons wil vir al ons gemeenskap se jongmense, ouers en skole baie sterkte toewens! Mag dit 'n geseënde tyd wees waar ons met respek en integriteit deelneem en ons gawes ten volle uitleef. Hierdie week se Interskole is **Boland Landbou teen Oakdale** en **Klein Nederburg teen New Orleans.** Sterkte julle!



# GEMEENTE-TEE

Ons volgende geleentheid vir lekker saamkuier na kerk is **Sondag 24 Augustus na die diens**. Ons kry mekaar in die bo-saal en vang 'n bietjie op oor hoe dit met almal gaan en ontmoet sommer 'n paar nuwe mense. As jy nuut is by Toringkerk moedig ons jou ook aan om dit by te woon - mag jy almeer tuis kom by ons.






# KUIER EN KLETS

Ons volgende uitstappie is **Maandag 11 Augustus** na ***Het Gesticht Kerkie*** in die Hoofstraat. Die kundige en ervare toeroperateur, Hybré van Niekerk, gaan haar kennis van ons voorgeslagte en Paarl se geskiedenis met ons deel. Ons ontmoet **09h15** in die **parkeerterrein langs die Strooidakkerk** en stap vandaar na die kerkie toe. ***Koste R100 per persoon .*** Na die toer kuier en klets ons verder oor 'n koppie tee. ***Kontak vir Hannetjie (0836501860) vir meer inligting.***

# VERJAARSDAE IN DIE TK SPAN

Hierdie naweek verjaar twee van ons spanmaats!
**Connie verjaar Saterdag 9 Augustus** en **Sumien verjaar Sondag 10 Augustus**.

Ons wens julle 'n wonderlike dag toe en mag die jaar wat voorlê al julle verwagtinge oortref! Mag julle die Here in elke oomblik ervaar en weet dat julle waardeer word!





# MARKIETIE
# VRYDAG FEES

Kom kuier saam met lekker skaapspit en 'n '*live band*'

**Datum**: 5 September 2025
**Tyd**: 18:30
**Plek**: MARKietie Tent
**Koste**: R120

***Kaartjies beskikbaar by www.tkmarkietie.co.za of by die kerkkantoor vanaf 11 Augustus 2025.***






# MARKIETIE
# RUGBY TENT

Die Springbokke speel teen New Zealnd. Kom kyk saam op die groot skerm!

**Datum**: 6 September 2025
**Tyd**: 09:00
**Plek**: MARKietie Tent

***Daar sal heerlike 'Brekkie Buns', Koffie en nog vele meer wees.***

# AANLYN
# MARKIETIE

Aanlyn MARKietie maak 11 Augustus 2025 oop. Plaas jou bestelling vroegtydig om teleurstelling te vermy.

***Kontak die kerkkantoor vir meer inligting of indien jy nie regkom met die aanlyn platform nie.***



# MARKIETIE
# TOMBOLA PAKKIES

**Kyk hierdie Sondag uit vir die Tombola Sakkies!! Dit sal by die kerkdeure beskikbaar wees.**

Dankie vir die groot hulp om 'Lucky Packets' vir ons kerkgeleentheid te versier en te maak! Julle bydrae bring vreugde aan die kinders wat die MARKietie bywoon.






# MARKIETIE
## ONS HET JOU NODIG

Ons maak gereed vir ons komende MARKietie, en ons sal dit baie waardeer as jy deel daarvan is! Of jy nou vir 'n uur of die hele dag kan help, elke helpende hand maak 'n verskil.

Daar is baie maniere om betrokke te raak – van opstel, hulp by stalletjies, pak, of net daar wees met 'n vriendelike glimlag. Geen werk is te groot of te klein nie!

Oorweeg dit ASSEBLIEF – ons het regtig al die hulp nodig wat ons kan kry. Kom ons maak hierdie MARKietie saam 'n sukses, terwyl ons pret het en gemeenskap bou.

***As jy bereid is om te help (al is dit net 'n bietjie!), kontak asseblief vir Sumien by 083 585 6570.***

Dankie by voorbaat – ons kan dit nie sonder jou doen nie!

# BESTANDDELE VIR
# MARKIETIE
# BENODIG

Ons benodig die volgende items vir MARKietie.

- Kondensmelk Blikkies
- Boksies Vla
- Pynappel Crush Blikkies
- Strooisuiker
- Kaneel
- Wit Asyn






- Ideal Melk
- Bakpoeier
- Klapper
- Nola Original Mayonaise
- Olie
- Versiersuiker
- Tamatiesous
- Mostert
- Blatjang

- Koekmeel
- Eiers
- Coleman Mostert Poeier
- Jelly (Suurlemoen, Aarbei, Pynappel, Groen)
- Instant Poeding (Vanilla, aarbei, Sjokolade, Karamel, Butterscothch)

## JY KAN HELP DEUR DIE ITEM(S) SAAM TE BRING KERK TOE OF AF TE GEE BY DIE KERKKANTOOR

***Baie dankie byvoorbaat vir jou hulp en ondersteuning. Dit word opreg waardeer.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



**24 AUG** GEMEENTE-TEE
TK SAAL | 10:30



**5-7 SEPT** MARKIETIE
TK SAAL | 18:00



**17 SEPT** PAARL RINGSITTING
NG SUIDER PAARL | 18:00



**28 SEPT** POPPEKAS
Toringkerk | 09:30




**17-19 OKT** BELYDENIS KAMP



**26 OKT** BELYDENIS AFLEGGING
Toringkerk | 09:00

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

| | |
|---|---|
| 10 Aug | Jackie Butler |
| 10 Aug | Sumien Symington |
| 10 Aug | Marianne Theron |
| 10 Aug | Cara Van Niekerk |
| 11 Aug | Marita Batt |
| 11 Aug | Elsa Fourie |
| 11 Aug | Mari Roux |
| 12 Aug | Ester Cilliers |
| 12 Aug | Lukas Fourie |
| 12 Aug | Philip Gerber |
| 12 Aug | Leah Pieters |
| 13 Aug | Giepie Brandt |
| 13 Aug | Mariëtte Nieuwoudt |
| 13 Aug | Hendrik Olivier |
| 14 Aug | Robert Canning |
| 14 Aug | Helmi De Villiers |
| 14 Aug | Dorita Koch |
| 14 Aug | Cara Snyman |
| 14 Aug | Jaco Theron |
| 14 Aug | Viv Viviers |
| 15 Aug | Sarolene Havenga |
| 16 Aug | Alta Cloete |
| 16 Aug | Dihan Huisamen |
| 16 Aug | Gideon van Wyk |
| 16 Aug | Petrus Visser |

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)**

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Jesus maak gesond aan die voet van die berg.

**KRUISCONNECT (GR. 8-10)**

KruisConnect gaan voort hierdie Sondag. Van na die diens tot 11:30.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Tienerkerk gaan voort Dinsdag om 19:00.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 10 AUG**
Luk. 12:32-48

**MAANDAG, 11 AUG**
Joh. 8:12

**DINSDAG 12 AUG**
Jak. 1:21-25

**WOENSDAG, 13 AUG**
Ps.63

**DONDERDAG, 14 AUG**
Joh. 8:28-36

**VRYDAG, 15 AUG**
Joh. 19:26-27

**SATERDAG, 16 AUG**
Filip.1:3-11

**SONDAG, 17 AUG**
Ps. 40

# DEURKOLLEKTE

## ACVV

Die ACVV is een van die oudste nie-winsgewende organisasies in die maatskaplike dienste sektor. Die ACVV bestaan uit 220 diensprogramme regoor 5 diensfokus areas: Maatskaplike Werk & Kindersorg, Vroeë kinderontwikkeling, Versorging van Bejaarsdes & Spesiale Behoeftes, Leierskap en Opleiding. Met meer as 111 jaar se kennis en ervaring bly die ACVV verbind om kinders, hulle gesinne en ouer persone te beskerm en te versorg. Die ACVV is op 1 September 1904 in Kaapstad gestig deur 'n groep vroue wat praktiese hulp wou bied aan diegene wat deur die Anglo-Boereoorlog geraak is. Vanuit hierdie beskeie begin het die ACVV se dienste gegroei en verander van noodhulp, primêre gesondheidsorg en opvoedkundige dienste na omvattende maatskaplike werk en kindersorgdienste vir kinders en ouer persone. Gedurende dekkades het ons, ons voetspoor uitgebrei van 'n paar vroue na een van die grootste welsynorganisasies in Suid - Afrika.

# KALENDERBORG: AUGUSTUS

FuturSeal
ELASTOMERIC ENVIRONMENTAL COATING
021 203 3058 | sales@futurseal.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.